JAARVERSLAG VAN DIE KROONSTAD TAK SAVMO:

Die bestuur neem met leedwese afskeid van Mev Elza Cilliers wat 'n jarelange en getroue lid van ons vereniging was en diep spore in die kultuur en musiekkringe van ons dorp getrap het. Ons sal altyd in herinnering aan haar dink.

Die twee jaarlikse kunswedstryd het plaasgevind vanaf 23 - 27 Augustus op Kroonstad. Ongeveer 1500 leerlinge van Kroonstad en omliggende dorpe soos Bothaville, Welkom, Koppies, Bethlehem, Senekal het deelgeneem in die afdelings, vokaal, instrumentaal, drama en dans (ballet, hiphop en freestyle). Die beoordelaars was as volg: Musiek - mnr John Roos, Drama - Mej Gera Phielix, Sang - Huibrie Verster vir die kore en Marga Sander.

'n Vergadering is in Januarie gehou waar die vereniging hom ten sterkste uitgespreek het teen die afskaffing van eksterne musiek by die Graad 12 eksamen. Mev Olga Rademan het 'n volledige verslag gestuur met bykans 800 handtekening ter stawing van ons protes teen hierdie aksie. Ons het dit aan Dr LP Kriel gefaks en epos gestuur en tot op hede het ons nog geen antwoord of uitsluitsel daaroor ontvang. Hierdie volledige verslag is aan die bestuur SAVMO gestuur en as besprekingspunt aangevra by die kongres.

Plaaslike leerlinge het baie goed presteer gedurende die afgelope jaar in hierdie tak:
Die uitslae vir die Unisa eksamen was:
Mev Rademan: Noel Els voor Gr 1 84%
Helene Welgemoed gr 4 85%
Helene Leonard gr 4 85% en Saxofoon Gr 2 88% by Mnr Mostert
Larouchel Els 96% Gr 1 teorie
Helene Welgemoed 85% gr 2 teorie
Mev Boshoff: Elizna Keeve gr 8 80%
Erika Els Viool gr 7 87% MevM Kotze Welkom
Lara wessels gr 7 77%
Eliana du Toit voor gr 1 95%
Rozanne Pienaar 95% gr 3 teorie - ererol
Douwne Snyman 92% gr 2 teorie
Mnr Jan Louw: Christiaan Doubell gr 1 85% trompet
Mev Carin Louw: van Kroonstad se leerlinge het sang studente by Potchefstroom Universiteit geword en vaar uitstekend. Hulle speel marimbas en elkeen 'n blaasinstrument en almal het gr 3 en 5 gesing, gr 4 teorie geskryf. een van hierdie leerlinge Judicious Matsie het begin met 'n BA kwalifikasie. Hul Unisa sang uitslae was: Ronald Melato 66%, Judicious Matssie 82%, Aaron Mahlol 81%, Laurence Makanya en Kamohelo Tsotetsi 88%, Eddie Mofokeng 92%. Mev Louw is hoofsaaklik betrokke by die SASCE Choral Eisteddfod wat deur die Onderwysdepartement geloods word. Sy gebelei die meeste kore in die Welkom en Noord-Vrystaat streek en doen werkswinkels saam met verskeie Fasiliteerders van die kompetisie. Sy het goeie skakeling met baie swart skoolkore. Sy maak ook CD's waarmee die kore oefen veral as hul geen begeleiers het sodat hul nie sukkel nie. Hierdie kore weet dan hoe die begeleiding klink.

Mev Geldenhuys uitslae: Alvina Zondi gr 6 80% klavier
Karabo Rabaloi Gr 2 klavier 915
Marissa Wessels v gr 1 91% klavier
Palesa Rapuleng Gr 1 90% blokfluit
Boipelo Tshabalala 90% v gr 1 klavier
Katleho Ponase 90% v gr 1 blokfluit
Nicole Capontes 87% gr 3 blokfluit en teorie gr 2 92%
Kamohelo Mofutsana 85% vgr 1 klavier
Karabo Rabaloi v gr 1 88% blokfluit
Boipelo Tshabalala 85% blokfluit
Ole Sesele v gr 1 klavier 78%

Carla van Niekerk v gr 1 85% klavier
Jessica McLeary gr 3 klavier 80% en teorie 99% - ererol gr 2

Janri Geldenhuys neem deel aan die 4e Grahamstad Nasionale Klavier kompetisie en is een van 6 leerders wat deurdring na die semifinale rondte.

Gedurende die erediens op Sondag, 17 Oktober 2010 by Kroonstad Oos gemeente tree die sangleerlinge o.l.v. Santisa Viljoen van Potschefstroom op.

Op 24 Desember het een van ons lede, Erna Rademan, orreliste op Vredefort en Leer Fasiliseerder van die Onderwysdepartement op versoek van die Kerkraad 'n geslaagde musiekprogram aangebied in die NG Kerk Kroonstad Oos. 'n Blaasensemblegroep het saam met mev Rademan op die orrel, die program begin met 'n uitvoering van Highland Cathedral sowel as die Aankoms van die Koningin van Skeba (G Handel)
Ook onder haar leiding het 'n mannegroep gesing: I'll walk with God, sowel as Jerusalem - The Holy City: Adams. Ander items het ingesluit Eere Zij God (Jan Swart) deur Olga Rademan (vorige orreliste van die gemeente) met die blaas ensemble. Twee leerlinge van Mokwallo het solosang gelewer, naamlik Maria Wiegelid (Weber) en O come let us adore Him. Marisca van Zyl van die AHS Sasolburg lewer voorts twee sangsolos: Sonneblom uit Bethlehem en Llan, lang geleë in Bethlehem. (Marys Boy Child)
Drie Leonard sussies, Olga, Trudie en Helene het Alla Nanita gesing en is bygestaan deur die vierde sussie op die tjello. Die vier Leonard sussies, bygestaan deur Olga van Ravesteyn van Melbourne sluit af met Dis Kersfees en O holy night begelei deur Olga Rademan(jnr) musiekstudent van Kaapstad.

Tydens die Unisa musiekeksamens het van die plaaslike musiekleerlinge heelwat lofsimbole verower terwyl 'n paar op Unisa se ererol geplaas is.

Dr Petrus Krige hou 'n uitvoering op Sondag 13 Maart in Kroonstad oos Kerk van 12 Altblokfluite, varginaal , tjello en 2 viole - Barok musiek. Die leerlinge van Kroon Primêr op Kroonstad sluit af saam met die ensemble wat 'n wonderlike ondervinding vir die leerlinge was - 30 leerlinge het sopraanblokfluit saamgespeel. Gedurende September is daar 'n groot blokfluitfees waarna die blokfluitleerlinge van kroonstad uitgenooi is. Die musiekleerlinge en onderwyseresse van Kroonstad het ook ingeskryf om aan die Nuwe 2011 Schools Classical Musical Festival deel te neem wat deur die Departement Nasionale Onderwys geloods word. Dit vind in verskeie streke plaas met finale rondtes in die provinsies.

VOORSITSTER
MEV OLGA RADEMAN
SAVMO KROONSTAD